# Die Sierduif

# The Fancy Pigeon

## Junie/June 2018

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



***Show Champion - Western Cape Youngbird Show - Fantail - Young Hen of Tom Ryke***

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# Sommer net........


André Immelman ont-vang 'n sertifikaat van Netta Prince



André Grob-belaar en sy seun



Ken Garrod en Wes Kaap se Jeugskou Juniors 'way back '45' Daniël Bierman en Dylan Barnard


Oud Wes-Transvalers Kobus Swanepoel, Alet en Dawie Fouché


Nou wat nou!!!!!

# Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Column | 2 |
| Editorial | 3 |
| AJV Notule 2016 Upington - Dirk Scholtz | 4 |
| Duiwe dinge - Johan Munnik | 10 |
| Kennisgewing AJV in Bloemfontein - Dirk Scholtz | 11 |
| Eastern Region Show results - Christie Roux | 13 |
| Western Cape YB Show - Jannie vd Hever | 15 |
| Norwich Kroppers in Europa - Renier Lee | 16 |
| Broeiseisoen voorbereiding - Dirk Scholtz | 17 |
| Scoreboard and Rules - Cover page | 20 |


Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003





National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800


**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 Half page - R450 3 Quarter page - R650**
**Full page - R850 Colour cover page - R1200**
**SAFPA members - Only one placement**
**Quarter page R100 - Half page R200 - 3 Quarter page - R300 Full page - R400**

# Editor's column

## Birthdays

| | | | |
|---|---|---|---|
| *C008* | - | *Coenie Naudé* | *- 01-Jul* |
| *W062* | - | *Willie Botha* | *- 02-Jul* |
| *J012* | - | *Mario Kapp* | *- 02-Jul* |
| *G011* | - | *Diedie Esterhuyzen* | *- 03-Jul* |
| *G014* | - | *Seppie Esterhuyzen* | *- 03-Jul* |
| *W016* | - | *Tiens Meyer* | *- 03-Jul* |
| *W004* | - | *Josef Nel* | *- 05-Jul* |
| *C039* | - | *Pieter Lourens* | *- 07-Jul* |
| *B043* | - | *Roelf Buitendag* | *- 08-Jul* |
| *V038* | - | *Lourens Muller* | *- 09-Jul* |
| *H034* | - | *Morné Rix* | *- 10-Jul* |
| *N012* | - | *Chad Armstrong* | *- 11-Jul* |
| *B022* | - | *Manie van Staden* | *- 11-Jul* |
| *B036* | - | *Johann du Plessis* | *- 12-Jul* |
| *V034* | - | *Hannes de Klerk* | *- 12-Jul* |
| *G007** | - | *Dawie vd Heever* | *- 15-Jul* |
| *K034* | - | *Johann de Beer* | *- 20-Jul* |
| *W013* | - | *Sias de Kock* | *- 26-Jul* |
| *J032* | - | *Graham Neethling* | *- 29-Jul* |

*Ill members -*
*None*

*Deaths -*
*None*





GJ van Aswegen
Teel met Norwich Croppers en Working Homers
Kontak besonderhede:
Sel: 082 921 1747
e-mail: gjtlofts7@gmail.com




**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday after 14:00**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



**Redakteur/Editor**
**Christo Munnik**

Junie 2018!!! Al die streekskoue, Jongduifskoue, Spesialiteitsklub skoue en duiwedae is iets van die verlede. Die jaar begin op sy rug draai, oral praat jy met mense wat net een ding te sê het - Waar gaan die tyd heen ons kry niks gedoen nie - wat gaan aan!!!!!

Ek glo, soos ek al dikwels gesê het. ons self moet die skuld dra vir die tyd wat so vinnig verby gaan. Ons jaag van punt A tot punt B kyk elke nou en dan op die horlosie en wens dat die week net wil verby gaan sodat ons weer kan naweek hou.

But enough of that. In this edition of the Fancy Pigeon I started to place the show results and will place the rest in the July edition. Cogratulations to all the winners of the show season and to the rest, never give up, next year might be the one for you.

I also placed the 2016 Anual General Meeting's minutes that was held in Upington. This is because we did not have an Anual General Meeting in 2017 due to the cancellation of the show in Pietermaritzburg.

I also want to thank the members that responded to my request for articles for the Fancy Pigeon. Please try your best to send in articles I need them to be able to do the book. Luckily I can do 20 pages or less if I have to but my feeling is that less than 20 pages is not worth it at all.

Die SA Kampioenskapskou is op hande en ek sien daar sal 1600 duiwe deur 75 vertoners vertoon word. Lekker getal duiwe sodat daar deur niemand wat beoordeel gejaag behoort te word nie. Dis altyd lekker om te beoordeel as jy tyd op hande het want dan is die kanse baie minder om foute mis te kyk.

I am really looking forward to this years Championship show in Bloemfontein to see old friends again and to meet new members in the hobby. Myself did not enter any birds due to problems I had with my birds for the last two years. I did not breed any babies last year due to sickness of the birds. This year they look 100% better so I can't wait to come back from the Championship show to start breeding. See there I chase the time again, goodness me this will never stop.

Everybody else enjoy the time at the Championship show and may all of you win something at the show.

Groete van 'n redelike koel KwaZulu-Natal en sterkte met die lekker minus temperature wat vir ons wag in die lekker ou koue Bloemfontein.

**Webpage - www.fancypigeon.co.za  Cell: 083 626 6003**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**



## *Notule van die Algemene Jaarvergadering 30 Junie 2016 Upington*

***Dirk Scholtz***

**Notule van die Algemene Jaarvergadering van die SASV wat gehou is op Donderdag 30 Junie 2016 om 9h30 by die Skougronde, Upington.**

1. Hennie Hattingh open die vergadering met gebed en heet almal welkom.

2. Die presensielys is gesirkuleer vir ondertekening en die volgende verskonings word op rekord geplaas:
Phillip Lee, Johan Lombaard, Rudi Lombaard, Diedie Esterhuizen en Braam du Plessis.

3. Die volgende persone het ons ontval sedert die 2015 AJV op Parow:
Ruben Gouws en sy ma Tannie Hermien, Oom Flip de Bruin, 'n seun van Awie Smal van Oostelike Streek, Willem van Niekerk en Steve Williams.
Die vergadering staan vir 'n oomblik om eer te betoon.

4. Die volgende word op die agenda geplaas vir bespreking onder algemeen (Sien punt 11)

4.1 Reëlings vir prysuitdelingsfunksie – Seppie Esterhuizen (Noordkaap).

4.2 Puntebeker – Frik Schoeman (Noord Vrystaat).

4.3 Kundigheid/Ere presidente - Pieter Neethling (Weskaap).

5. Die notule van die 2015 AJV Notule (soos gepubliseer op bladsye 7, 8, 9, 10 en 11 in Die Sierduif van Mei/Junie 2016) word as gelese beskou en word deur die vergadering goedgekeur op voorstel van At van Jaarsveld en gesekondeer deur Netta Prince.

6. Die enigste saak voortspruitend uit die 2015 notule is die 75 Jaar (2018) gedenkuitgawe van Die Sierduif.


**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Sien 7.4, Christo Munnik (Nasionale Redakteur) se jaarverslag in die verband.

7. Bertie Wessels (Nasionale Vise President) neem die President stoel sodat Hennie Hattingh sy verslag kan lewer.

7.1 Hennie Hattingh (Nasionale President) lewer sy verslag en word kortliks as volg gepubliseer:

Hy noem dat die verslag sy laaste sal wees na twee termyne as President van die SASV. Hy bedank almal binne die SASV en veral die UK vir lojaliteit en samewerking. Behalwe die nakoming van sy normale verpligtinge die afgelope jaar was hy ook op persoonlike vlak betrokke by lede se wel en weë. Hy spreek sy bekommernis uit oor die openbare beeld van die SASV en doen 'n ernstige beroep op SASV lede om so op te tree dat dit nie die beeld van die organisasie skade aandoen nie.

Hy is ook bekommerd oor die uitwerking wat die verswakkende finansiële omstandighede in SA op die voortbestaan van die SASV uitoefen. Ons ledetal is minder as 'n jaar gelede, lede verminder hul duiwegetalle of hou heeltemal op met duiwe boer. Van die 164 rasse in die standaardeboek is 51 rasse glad nie in die 2016 skou-seisoen geskou nie en 'n verdere 25 rasse het minder as 10 duiwe op al die skoue gehad. Minder gewilde rasse verdwyn, goeie teelmateriaal, ook van gewilde rasse, raak verlore en dit beteken niks goeds vir die kwaliteit van die duiwe in die verskillende rasse nie. Hy noem dat daar wel 25 nuwe lede aangesluit het waarvan 5 heraansluitings is.

Hy het behalwe die huidige SA's ook die volgende skoue bygewoon: SA Sponsduifklub se Prestige-skou waar 'n SA Homerdag klubdag ook aangebied is, Noord Vrystaat se jonfduifskou en Oostelike Streek en KZN se streekskoue. Hy noem dat in sy termyn as President van die SASV hy net by Wes-Transvaal se steekskoue afwesig was en vra om verskoning daarvoor.

Die pad vorentoe gaan 'n opdraande pad wees maar met goeie samewerking en vertroue in mekaar behoort die SASV bo uit te kom. Let ook op dat daar seker gemaak moet word van feite van 'n saak voordat lede uitsprake maak op die sosiale media wat heeltemal van die spoor af is.

Hy bedank sy Hemelse Vader vir die krag om hierdie werk te kon doen en sy vrou Roné vir haar ondersteuning en aanmoediging. Hy sluit af deur die nuut verkose President sterkte toe te wens en dat hy vir hom sal bid. Hy bied sy hulp aan as daar so 'n behoefte ontstaan.

Hennie Hattingh neem weer die stoel oor by Bertie Wessels.

7.2 Bertie Wessels (Nasionale Vise President) lewer sy verslag. Hy noem dat nog 'n jaar verbygesnel het en hier is ons gaste van Noordkaap wat vir ons 'n heerlike skou bymekaargesit het. Hy het 'n paar skoue bygewoon en 'n gemiddeld van 600 duiwe was maar min. Die gees onder die vertoners was deurgaans goed en te min beoordelaars bly steeds 'n probleem.

Rondom bemarking noem hy dat Vrystaatstreek met hul streekskou baie publieke belangstelling getrek het omdat hulle geadverteer het op hul plaaslike

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

radiostasie asook in hul plaaslike koerant. Dit tesame met hul uitstalling tydens Bloemskou het die werwing van 4 lede teweeg gebring.

Noordkaap en Wes-Transvaal het ook uitstallings gereël en die uitsending van Kwêla kort na die 2015 SA's het bewusmaking gekweek. Hy bly van mening dat deelname aan/uitstal by feeste en saamtrekke in 'n streek se omgewing die beste manier is om duiwe aan die publiek bekend te stel. Hy vertrou dat ons stokperdjie steeds van krag tot krag kan gaan deur lede se positiewe optrede ten spyte van die kwaai ekonomiese druk.

7.3 Chris de Bruin (Nasionale Tesourier) bespreek die 2015 finansiële state, die 2017 begroting en 2016 prysgeldaanpassings. Algemeen aanvaar deur die AJV. 'n Surplus van R 4588 is behaal. Ledegelde vir seniors word verhoog na R 500 per jaar. Ander ledegelde bly onveranderd op R860 vir senior vennootskappe, R 300 vir juniors en R560 vir junior vennootskappe. Ringpryse bly onveranderd op R42 vir 10 ringe. Prysgelde bly onveranderd. R 14925.50 wat uit die verkoop van 'n elektroniese standaardeboek aan die Filippyne ontvang is, word oorgeplaas na die Hulpfonds.

7.4 Christo Munnik (Nasionale Redakteur) bedank die Hemelse Vader vir genade en seëninge elk dag. Hy bedank sy vrou Cora wat hom altyd mooi in toom hou. Hy is tans besig met die 73ste Sierduifuitgawe. Bydraes van lede bly 'n probleem en maak dit moeilik om elke twee maande 'n boekie te voltooi. Hy bedank die lede wat wel 'n bydrae maak.

Die Sierduif gaan deur 'n nuwe drukker in Uvongo gedruk word wat vir die SASV geld gaan spaar. Rakende die 75 jaar gedenkuitgawe van die Sierduif rapporteer hy dat hy goed vorder. Hy het egter hulp nodig met bydraes. Hy bedank Oom Barnard Steyn vir 'n klompie ou argiewe wat hy gebring het om mee te werk.

7.5 Willie van Zyl (waarnemende Nasionale Beoodelaarsbeampte) noem in sy verslag dat die nuwe skouprogam sy eerste taak was. KZN was die eerste streek om dit te implementeer. Omdat daar probleme was met die aflaai van die program, het verskeie streke die ou program bly gebruik. Verslae van al die gebruikers word tydens die SA's ingewin en 'n finale program sal aan streke uitgestuur word voor volgende jaar se skoue.

Die toewys van beoordelaars vir die SA's het ook baie probleme gelewer. Lyste was nie op datum nie, inligting wat spesklubs aan Chris van der Walt gegee het, was onvolledig. Party spesklubs het niks deurgegee nie. Hy noem ook dat die ras standaarde van die Lahore en Showracer gedruk is en gereed is vir uitdeel.

7.6 Netta Prince (Nasionale Ringmeester) bedank alle lede wat haar gedurende die jaar rakende haar gesondheid ondersteun het. Sy noem dat sy nie klagtes het nie en dit dag vir dag aanpak. Sy noem dat haar derde termyn (9 jaar) einde se kant toe staan en dat sy dit geniet het. Hoop almal is tevrede met die diens wat hulle in die tyd ontvang het.

Sy noem dat ons 194 aktiewe lede het en dat 5 nuwe lede aangesluit het by die SA's. Probleme wat sy graag op streeksvlak aangespreek wil hê, sluit in dat 'n nuwe lid eers lid word by voltooiing van die aansoekvorm en die faks daarvan plus die depositostrokie, die papi-

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

erwerk rondom lidmaatskap is op almal van toepassing, maak seker dat die regte aansoekvorm gebruik word en onthou geen WhatsApp bestellings nie. 2017 ringe kan nou bestel word en betaling moet voor 1 Desember geskied.

7.7 Daniel Bierman (Nasionale Webmeester) rapporteer dat die Hall of Fame, 'n skoukalender, skou uitslae, 2016 skoustatistieke en geskiedenis van sekere streke toevoegings is tot die SASV webblad. Hy vra spesklubs en streeksbesture se hulp om alle tersaaklike inligting vir die opdatum hou van die webblad aan te stuur asook ander goed wat geplaas kan word. 'n Geslote gespreksforum vir lede is in 'n toetsfase en sal eersdaags in gebruik geneem word.

7.8 Attie van Aswegen (Nasionale Jeugverteenwoordiger) bevestig dat juniors die afgelope jaar goed gedoen het op skoue. Goeie duiwe is vertoon. Bywoning kan egter verbeter, maar skoolverpligtinge kniehalter die jonges. Hy is teleurgesteld dat geen skole wat aan jeugskoue deelneem tot dusver aangesluit het as junior vennootskappe nie. Hy hou egter kontak, bespreek dit op elke geleentheid en bly aansoekvorms uitdeel.

'n Paar jeugskou juniors het darem by die SASV aangesluit. Met die junior van die jaar kompetisie het dit goed gegaan en Graham Neethling was 'n waardige wenner. Hy versoek steeksverteenwoordigers om hul juniors aan te moedig om in te skryf vir die kompetisie, om hul juniors opleiding te gee gedurende streekskoue en om juniors te betrek op duiwedae.

Hy het 3 opleidingsdae aangebied en het juniors en ouers na die Noord-Vrystaat Duiwedag/Tuindwergieskou vergesel. Hy het op 6 jeugskoue beoordeel en opleiding gegee. Daar was gemiddeld 8 duiwe juniors per skou betrokke. Hy bedank Chris v.d. Walt wat hom gehelp het op Reddersburg.

Hy het ook saam met Chris v.d. Walt die sierduiwe beoordeel op die Nasionale Jeugskou Kampioenskappe te Williston. Edu le Roux was die sierduif afdeling se ringgids. Petro van Aswegen van Reddersburg, die algehele wenner van die wedvlugduiwe op dié Kampioenskappe, was die jaar se jeugskou deelnemer op die Upington SA's. Hy bedank Andries Wiese van Mutual & Federal wat weereens die jeugskou deelnemers geborg het.

8. Wysigings van die SASV Grondwet in terme van artikel 8.3.3 van die SASV Grondwet.
Op voorstel van die UK van die SASV word die artikelnommers waarna hieronder verwys word tot die Grondwet van die SASV bygevoeg en/of voortaan as volg sal lees goedgekeur:

5.5.10 Om die aanstelling van die mees geskikte Nasionale Redakteur, Nasionale Ringmeester, Nasionale Webmeester en Nasionale Jeugverteenwoordiger te doen uit nominasies ontvang vanaf streke.

5.7.5 Skrap (herhaling van 8.3.6)

10.4.5 Die lede van die Beoordelaarsforum kies drie-jaarliks die forum se Voorsitter. Hierdie Voorsitter beklee die pos van Nasionale Beoordelaarsbeampte op die Uitvoerende Komitee van die Vereniging.

11.1 'n Streek van die Vereniging moet

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

jaarliks die kampioenskapskou aanbied. Dié Streek sal deur die UK aangewys word uit aansoeke vanaf Streke ontvang.

11.2 Die UK sal hul besluit tydens die Algemene Jaarvergadering bekend maak.

9. Sake uit UK vergaderings

9.1 UK poste wat in 2017 vakant raak
- Nasionale Vise-President (nominasies streke/verkiesing)
- Nasionale Ringmeester (nominasies streke/aanstelling UK)
- Nasionale Webmeester (nominasies streke/aanstelling UK)

9.2 Die “Hall of Fame” komitee het ʼn Noord van die Vaal aansoek dat Willie van Zyl opgeneem word, oorweeg en die uitslag sal tydens die prysuitdelingsfunksie bekend gemaak word.

9.3 Nasionale Kleure as teler is aan die volgende lede toegeken, Jan Labuschagne, Jan Lombard, Lourens Muller, Christo Nel en Jannie Swanepoel.

9.4 Daar was ʼn aansoek deur Chanté van Staden vir Junior van die Jaar en die uitslag sal tydens die prysuitdelingsfunksie bekend gemaak word.

9.5 Die 2017 SA’s word aangebied deur KZN Streek te Pietermaritzburg.

10. Sake uit Beoordelaarsforum Willie van Zyl dra die volgende namens die BF aan die vergadering oor:

10.1 Die hokgroottes vir Engelse Trompetters, SA Toys en Indiese Waaiersterte verander van B hokke na A hokke.

10.2 Die ringgrootte van die American Gaint Runt verander word vanaf E ringe




**South African Rare Breeds Club**

**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**

**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**


Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

na F ringe.

10.3 Die toetsing van beoordelaars op streekskoue word terugverwys na streke vir verdere bespreking op hul AJV's met terugvoering op die Januarie 2017 UK vergadering.

Op 'n vraag uit die vergadering bevestig Willie dat die Gimpel en Archangel een ras is. Hulle word egter apart beoordeel en die beste tussen die twee is die raswenner.

11. Algemeen (Sien punt 4)

11.1 Seppie Esterhuizen verduidelik hoe mens by die prysuitdelingsfunksie op die Keimoespad uitkom en gee 'n paar orde-reëlings van toepassing deur.

11.2 Frik Schoeman bevestig dat lede slegs met selfgeteelde duiwe punte verwerf vir die Noord Vrystaat Puntebeker.

11.3 Pieter Neethling vra dat gekyk word na die moontlikheid dat Ere-Presidente, met hulle kundigheid en ervaring, betrek word in die bestuur van die SASV. Die vergadering neem kennis en verwys die saak na die UK.

12. Verkiesing van UK poste wat in 2016 verstryk:

12.1 Nasionale Tesourier
Hennie Hattingh stel dit dat Bertie Wessels die enigste benoemde uit die streke was en hy dus onbestrede verkies word as Tesourier. Hy wens Bertie sterkte toe in die uiters belangrike pos. Met Bertie se verkiesing as Tesourier bedank hy nou as Nasionale Vise-President en aangesien die pos eers in 2017 verkiesbaar raak, het die UK besluit om in terme van die grondwet vir Christo Britz te koöpteer om tot die 2017 verkiesing as Vise-President waar te neem. Die vergadering keur die besluit eenparig goed.

12.2 Nasionale Jeugverteenwoordiger
Hennie noem dat Attie van Aswegen ook die enigste benoeming vanuit die streke was en dat die UK sy aanstelling vir die volgende 3 jaar bekragtig het. Hy wens Attie baie sterkte toe.

'n Nuwe Nasionale Beoordelaarsbeampte word op die volgende Beoordelaarsforum vergadering verkies en Hennie bedank Willie van Zyl vir sy positiewe bydrae in die tyd wat hy waargeneem het.


12.3 President
Hennie Hattingh noem dat Chris de Bruin die enigste benoemde uit die Streke was en dus onbestrede verkies is tot die Nasionale President. Hy wens Chris baie sterkte en voorspoed toe en oorhandig die stoel aan Chris. Chris bedank die vergadering vir die vertroue in hom gestel en vra dat almal sal saamwerk om sy taak vlot te laat verloop. Hy bedank ook vir Hennie vir die ywer en toewyding aan die dag gelê tydens sy twee termyne as President en wens hom en Roné alles van die beste toe.

13. Chris de Bruin bedank die lede teenwoordig vir die goeie gesindheid waarin die vergadering afgehandel is en wens almal sterkte toe op pad terug na hulle blyplekke en tot ons mekaar weer sien op die volgende AJV. Hy bedank Seppie en sy span vir die aanbied van 'n baie lekker skou en verdaag die vergadering.



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003




## Duiwe dinge
**Johan Munnik**

Dit is hierdie jaar so ‘n bietjie moeilik om duiwe te vlieg. Die magnetiese velde in die lug maak dit maar moeilik. Ek kry ‘n TRPF duif by my hok en bel die eienaar, hy se my hy het 150 duiwe verloor, hy stuur toe iemand om die duif te kom haal. Ek het darem net 28 verloor. Ek weet nie van julle nie maar SANPO het ons gedwing om ons duiwe teen: Pokke, Paramixo en New Castle siekte in te ent, seker maar ‘n goeie ding want ons duiwe vlieg die land vol.

Ek is weer besig met rollers ook, het ‘n Dun pied en ‘n Geel white flight uit twee check duiwe geteel. Oor die algemeen is die duiwe gesond maar dit lyk vir my of die Ferrell Pigeons verdriedubbel het. Die manne skiet in die lande maar maak nie ‘n verskil nie. Met die prys van duiwekos kan ons net die beste aanhou. Ek betaal nou R199 vir 25 kg. Dit is erg ek weet nie wat vreet julle duiwe nie, maar als is duur. Ek het nou weerTerramycin opgespoor dit word onder ‘n ander naam vervaardig maar is 100% die ware Jakob. Die naam is Lionel’s en dit bevat ook Oxytetracycline 5,5%, as jy soek skakel 021 932 2019 dit is in Parow.

My duiwe het baie swaar verveer ek weet nie van julle nie maar die duiwe gooi verskillende plekke vere. Almal is amper klaar verveer, ons begin die 26ste Mei met ons eerste wedvlug. Onthou-Blomswael vir wurms ek gee ook 2 keer per week Diatome dit bou die duiwe op en voorkom ook wurms in die duiwe. Julle skoue begin seker eersdaags. Maakgereed en ent behoorlik sodat julle nie weer n’ skou moet kanselleer nie

Lekkerduiweboer



**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering*

***Dirk Scholtz***

In terme van Artikel 8.1.2. van die Grondwet van die Suid Afrikaanse Sierduifvereniging word hiermee kennis gegee van die Algemene Jaarvergadering van die SASV wat gehou word by die Skougronde te Bloemfontein op **Donderdag 5 Julie 2018 om 9H30.**

In terms of Article 8.1.2 of the Constitution of the South African Fancy Pigeon Association notice is hereby given of the Annual General Meeting of SAFPA to be held at the Showgrounds in Bloemfontein on **Thursday the 5th of July 2018 at 9H30**

Neem verder kennis dat Uitvoerende-Komittee gaan op genoemde vergadering die volgendeGrondwet wysigings vir goedkeuring voorlê:

1. Dat daar by Artikel 4.1 bygevoeg word: **Die SASV behou hom die reg voor om 'n aansoek of hernuwing van lidmaatskap, sonder verskaffing van redes, te weier.**

2. Dat die eerste sin van Artikel 5.7.6 gewysig word om as volg te lees: **Waar 'n ernstige saak uiters dringend afgehandel moet word, mag UK lede per e-pos, faks, op die internet of enige ander erkende sosiale media platvorm 'n stem uitbring.**






**Chris de Bruin**

**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**

**Kontak besonderhede:**

**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




***I signed up for an exercise class and was told to wear loose fitting clothing. If I HAD any loose fitting clothing, I wouldn't have signed up in the first place!***


**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**

**“Beste wat ek ooit gebruik het. Nou ‘n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit”**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017




**bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g R117.34**

**Ander produkte:** **bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg R156.18**
**bioworx ENERGYOIL 500ml R182.00**
**bioworx ENERGYOIL 1lt R346.30**
**bioworx BIOFUEL 1kg R125.99**
**bioworx DECHLOR 500g R255.00**

***(BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit)***

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Dekgrasweg 429 Sivertondale Pretoria Tel: 012 348 8888 / 082 879 4208
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za

**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



## Eastern Region Show Ermelo

***12 May 2018***

***Submitted by Christie Roux***

| *Region* | *Exhibitors* | *Entries* |
|---|---|---|
| *N-O-T-V* | *7* | *141* |
| *NFS* | *1* | *32* |
| *E Region* | *15* | *452* |
| *Total* | *23* | *625* |

### Top 8 Awards Senior

| Award | Breed | Sex | Exhibitor |
|---|---|---|---|
| Show Champion | Old German Owl | OC | Gawie Gertenbach |
| Reserve Champion | Mookee | YC | Ruben Kitching |
| 2nd Reserve Champion | Chinese Owl | YC | Van Zyl Boerdery |
| 3rd Reserve Champion | Krasnodarer Tumbler | YC | Simon Jordaan |
| 4th Reserve Champion | Holle Cropper | YH | P&S Botha |
| 5th Reserve Champion | Thuringian Spot | OC | Awie Smal |
| 6th Reserve Champion | Gros Mondain | OH | Gawie Gertenbach |
| Best Young Pigeon | Mookee | YC | Ruben Kitching |

### Top 2 Awards Junior

| Award | Breed | Sex | Exhibitor |
|---|---|---|---|
| Show Champion | Old Dutch Capuchine | YC | Rapter Lofts |
| Reserve Champion | Canaria Cropper | OC | Danika du Preez |

### Breed Winners Senior

| Beed | Clour | Sex | Exhibtor |
|---|---|---|---|
| Brunner Pouter | Black | OC | Robertson Lofts |
| Norwich Cropper | AO Standard Colour | YH | Dirk Scholtz |

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800


Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dutch Cropper | AS Colour Check | OH | Jan Labuschagne |
| Holly Cropper | Blue Bar | YH | P&S Botha |
| Canaria Cropper | White Self | OH | Robertson Lofts |
| King | AOS Colour Check | YH | Awie Smal |
| Gros Mondain | Blue Bar | OH | Gawie Gertenbach |
| Runt | AS Colour Check | YH | Round Belly Farm |
| American Giant Runt | AO Standard Colour | YC | Christie Roux |
| Mookee | Black Self | YC | Ruben Kitching |
| Barb | Black Self | OC | Dirk Scholtz |
| African Toy | White Self | OC | P&S Botha |
| Fantail | AC Body marked | OH | P&S Botha |
| Modena -Schietti Marked | Plain Bronze | OC | Ruben Kitching |
| Modena -Gazzi Marked | Red Check | OC | Ruben Kitching |
| Nun | Black | YC | Gawie Gertenbach |
| SA Botternek Tumbler | Standard Colour | OC | Van Zyl Boerdery |
| Felegyhazaer Tumbler | Red & Yellow | YH | Gawie Gertenbach |
| Hamburg Schimmel | Any Standard Colour | YH | At van Jaarsveld |
| Berlin Shortface Tumbler | Any Standard Colour | YH | At van Jaarsveld |
| Krasnodarer Tumbler | Any Standard Colour | YC | Simon Jordaan |
| Polish Helmet | Black & Dun | OC | At van Jaarsveld |
| Old Dutch Tumbler | Any Standard Colour | YC | At van Jaarsveld |
| Oriental Roller | Almond | OH | Jan Lombard |
| Portuguese Tumbler | Any Standard Colour | OH | Awie Smal |
| Old German Owl | Blue/Silver Bar | OC | Gawie Gertenbach |
| German Shield Owl | Any Standard Colour | YH | At van Jaarsveld |
| Chinese Owl | Blue Bar | YC | Van Zyl Boerdery |
| Birmingham Roller | Tortoishell | YH | Flip Koekemoer |
| SA Distance Roller | AS Colour Muffed | OC | Simon Jordaan |
| German Beauty Homer | Blue Bar | YC | Christie Roux |
| Working Homer | AS Colour Bar | OC | Gert van Aswegen |
| American Show Racer | Dark Check | YC | Van Zyl Boerdery |
| Polish lynx | Blue Spangle | OH | Gawie Gertenbach |
| Lahore | Black | YC | P&S Botha |
| Gimpel | Gold Blackwing | YH | Simon Jordaan |
| Arabian Trumpeter | AO Standard Colour | OC | Awie Smal |
| Strasser | Blue Check | YC | Chris de Bruin |
| Cauchois | AS Colour Bar | YH | Chris de Bruin |
| Ice Pigeon - Muffed | SC Barless | OH | P&S Botha |
| Damascene | Standard Colour | OC | Awie Smal |
| Swallow Fairy | AS Colour Spangled | YH | At van Jaarsveld |
| Swallow Silician | AS Colour Spangled | OH | At van Jaarsveld |
| Modeneser | AS Colour Gazzi | YC | Jan Lombard |
| Dutch Highflyer | Yellow Shield Teagered | YH | Chris de Bruin |
| Danish Suabian | Blue | YH | Awie Smal |
| Stargard Shaker | AS Colour Check | OH | Flip Koekemoer |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Swiss Mondain | White Self | OH | Chris de Bruin |
| Frillback | Red Grizzle | OH | P&S Botha |
| Egytian Swift | Any Standard Colour | YC | Awie Smal |
| Thuringian Spot | Any Standard Colour | OC | Awie Smal |

**Breed Winners Junior**

| **Beed** | **Clour** | **Sex** | **Exhibtor** |
|---|---|---|---|
| Canaria Cropper | Any Standard Colour | OC | Danika du Preez |
| Mookee | Any Standard Colour | YC | Rapter Lofts |
| English Show Homer | Any Standard Colour | OC | Danika du Preez |
| Old Dutch Capuchine | Any Standard Colour | YC | Rapter Lofts |
| Domestic Show Flight | Any Standard Colour | OC | Rapter Lofts |



## *Western Cape Youngbird Show*
## *Philippi Cape Flats*
## *21 April 2018*

***Submitted by***
***Jannie vd Heever***

## Top 7 Awards Senior

| **Award** | **Breed** | **Sex** | **Exhibitor** |
|---|---|---|---|
| Show Champion | Fantail | YH | Tom Ryke |
| Reserve Champion | English C/L L/F Tumbler | YH | JAS van Niekerk |
| 2nd Reserve Champion | German Beauty Homer | YH | Danté Pelser |
| 3rd Reserve Champion | Frillback | YC | JAS van Niekerk |
| 4th Reserve Champion | Chinese Owl | YH | Jannie vd Heever |
| 5th Reserve Champion | Cauchois | YH | Dennis Lezar |
| 6th Reserve Champion | Dutch Cropper | YC | Pieter Neethling |



**NAK Smit**
**Teel met**
**American Show Racers**
**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch 7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos: naksmit@adept.co.za**



***Don't argue with an idiot; people watching may not be able to tell the difference.***


**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**
**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**



## *Norwich Kroppers in Europa*

***Renier Lee***

Gedurende 2014 was ek in Duitsland en het ek van hulle top telers besoek onder andere Hans Tigges die voorsitter van hulle Norwich Kropper Vereniging wat telers insluit oor n breë spektrum van Europa. Ek was nie beïndruk met die meeste Kroppers wat ek gesien het nie alhoewel daar ook skitterende duiwe was, behalwe swart. Kroppers wat enige tyd op Suid Afrikaanse skoue baie goed sal vaar. Hoekom swart Kroppers nie tot hul reg kom nie was vir my onduidelik tot ek hulle nou weer besoek het.

Hans is 'n teler van Blou Norwich Kroppers en het in 2014 ook die beste Kropper vertoon met 'n Blou mannetjie. Hierdie duif het my beïndruk en sou ook in Suid Afrika die beste Norwich kon wees. Hans is ook een van die top telers met Blou Brunners. Hy het my op daardie stadium gevra wat is my mening om Kroppers te verbeter deur kruising met Brunners. Veral hulle duiwe se beenlengte was 'n probleem. Hierdie selfde gesprek het ek ook gevoer met ander telers onder andere Thomas Voss wat baie goeie kennis van die Kropper het en reeds hope artikels oor Kroppers geskryf het.

Uit die gesprekke was dit duidelik dat almal bewus was van hul problme met hul Kroppers veral met beenaanhegting en lengte van been. Ook was hul duiwe te breed oor die rug. Thomas was op daardie stadium ook besig om Andalusion Kroppers te teel en daar was een besondere wyfie wat reeds heelwat pryse op skoue gewen het.

Die meeste telers het van hul kroppers met Brunners begin kruis maar dit het net hul beenaanhegting probleem vererger. Ander het 'n driehoek kruising begin volg waar gebruik gemaak is van Norwich Kroppers Brunners en Pigmy Pouters. Dit het hulle ook 'n groter variasie op kleur verbetering gegee.

Dit bring my by swart Kroppers wat nie regtig in hul teelprogram na vore kom nie omdat swart Brunners die swart Kropper se onderlyf ook feitlik swart maak en om 'n skoon onderlyn te teel baie moeilik is. By al die telers wat ek nou besoek het was daar 'n duidelike verbetering te bespeur. Kroppers met mooi goed geplaaste lang bene is in al die hokke te sien alhoewel die beenaanhegting nog 'n probleem is. Baie duiwe het nog vere op hul bene en voete. In die hele teel proses het hulle volume op hul kroppe verloor alhoewel daar tog duiwe is met goeie volume. Die gevolg is dat hulle al hoe meer weg beweeg van groot volume kroppe na meer korrekte kroppe al is die kroppe dan kleiner. In die proses gebruik hul ook dui-



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

we in hul kruisprogram om ander kleure te teel. So het ek baie geel kroppers gesien asook bruin band en selfs indigo kleure. By Hans Tigges is daar ook heelwat Khaki duiwe te sien maar eienaardig genoeg weer baie breed oor die rug. ‘n Kleur wat baie sterk verteenwoordig is, is "Strawberry" en "Mealy" Dit is duiwe met goeie kroppe alhoewel baie van hulle geneig is om bietjie te styf te blaas.
Ek is van mening dat ons telers in Suid Afrika ‘n groot uitdaging het om veral ons skaars kleure te verbeter en vinnig ook, anders gaan ons binne enkele jare vêr agter ons eweknieë in Europa wees. Kom ons praat meer oor ons teelprogramme en help mekaar om sodoende te verseker dat die Norwich Kropper die Koning van die Sierduiwe sal bly..





## *Broeiseisoen Voorbereiding*

***Dirk Scholtz***

Baie van ons lede dink die tyd van die jaar alreeds aan die broeiseisoen wat voorlê. Almal het hul eie manier van doen maar ek het dit goed gedink om veral beginners in die stokperdjie raad te gee en gebruik een van die land se top telers van duiwe se manier hiervoor.

Derick Streak van Diamant Stoetery beveel aan dat u soos volg te werk gaan voor paring om kwaliteit jonges te teel.

**Behandeling**

Baie van ons duiweboere behandel nie hul stoetduiwe voor paring vir siektes nie. Dit bring mee dat siektes soos Mikoplasmose, E-Koli en Paratifus en Salmonella reeds deur die eier van die wyfie of deur die saad van die mannetjie in die kleintjies geplaas word. Die kleintjies word dan sieklik groot en gaan nooit ‘n presteerder op skoue wees nie. Dit is dus noodsaaklik dat u seker maak dat elke jonge wat geteel word, die beste moontlike voordeel geniet om die volgende jaar vir u welslae te behaal.

Hy beveel ook aan dat u u stoetduiwe soos volg behandel voordat u hulle oppaar: Begin met die behandeling sowat ses weke voor die paring. Eerstens moet die duiwe ontwurm word met 'n breë spektrum ontwurmings-middel wat alle wurms gelyktydig bestry.Hy beveel Wormino tablette of Wormino vloeistof aan.

Twee weke daarna behandel u die duiwe gelyktydig met YBD 7in1 vir 7 dae. Dit behandel E KOLI, SALMONELA,PARATIFUS,ASEMHALING, ALGEMENE BAKTERIESE ONTSMETTING,KANKER EN KOKSIDIOSE. Volg dit onmiddellik op met n probiotikum soos PROBIOTIC PLUS vir 3 dae om die goeie bakteriee

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

in die derm kanaal te herstel. U paar dan u duiwe een week nadat die behandeling voltooi is.

Dit is noodsaaklik dat u vyf dae voordat die eiers van elke paar uitbroei, die ouerpaar n kropkanker-en koksidiosetablet ingee vir so 3 dae. Die tablette sal help dat die ouers vry is van kropkanker en koksidiose en dat die kropmelk, wat aan die kleintjies gevoer word, nie besmet is nie. Die kleintjies kry dus 'n groot hupstoot.

**Voeding**
Kampioene word in die stoethok gemaak en gebreek. My mening is dat daar uit die beste paar ter wêreld geteel kan word, maar as die kleintjies swak gevoed word, sal hulle niks in die vertoonhok beteken nie. Voeding is dus baie belangrik en u moet toesien dat die mengsel wat u in die broeihok gebruik, sade van hoogstaande gehalte bevat en dat die protein-inhoud van die mengsel hoog is.

Derick meng elke jaar vir hom 'n fynsaad-mengsel wat hy by die broeimengsel voeg om seker te maak dat daar 'n breë spektrum sade is waaruit die broeiduiwe kan kies. Die fynsaad-mengsel is: Wit kafferkoring (vyf dele), boerkoring (vyf dele), geel erte (ses dele), maple erte (drie dele), groen erte (drie dele), sonneblom (twee dele), bokwiet (een deel), rooi kafferkoring (drie dele), grondbone (een deel).Hierdie mengsel voeg hy by die broeimengsel in die verhouding 5 dele broeimengsel en 2 dele fyn mengsel. Hulle kry hierdie mengsel elke oggend.

In die aand kry die broei duiwe slegs broei pille en ek verkies die "BROILER FINISHER" PILLE VAN EPOL

Tel altyd die kos wat oorbly op as die duiwe klaar geeet het.

Laat hulle toe om net 'n halfuur lank te eet. Neem dan die kos weg.

Neem saans ook die broeiduiwe se kos weg nadat u hulle 'n halfuur toegelaat het om te eet.

Ek beskou dit ook as uiters noodsaaklik dat 'n kombinasie van vitamine, minerale en aminosuur elke tweede dag in die water van die broeiduiwe gegooi word. Van die beste produkte om te gebruik, is Premolt 100 of Breed-Moult Max.

Maak ook seker dat vars skulpgruis daagliks tot die beskikking van die broeiduiwe is.
Dit is raadsaam om elke Sondag vir hulle fyngekapte vygies, soutbos en groente blare te gee.

Hy beveel aan dat u geen verdere babas of eiers na 31 Desember elke jaar in u hokke toelaat nie
Dit sal teweeg bring dat u duiwe deur verveer is as die skouseisoen begin..



**WHY GOD MADE MUMS**
Answers given by 2nd year school children to the following questions:

**Why did God make mothers?**

1. She's the only one who knows where the selotape is.
2. Mostly to clean the house.
3. To help us out of there when we were getting born.

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**How did God make mothers?**

1. He used dirt, just like for the rest of us.
2.. Magic plus super powers and a lot of stirring.
3. God made my mum just the same like he made me. He just used bigger parts

**Why did God give you your mother and not some other mum?**

1. We're related.
2. God knew she likes me a lot more than other people's mum like me.

**What kind of a little girl was your mum?**

1. My mum has always been my mum and none of that other stuff.
2. I don't know because I wasn't there, but my guess would be pretty bossy.
3. They say she used to be nice.

**What did mum need to know about dad before she married him?**

1. His last name.
2. She had to know his background. Like is he a crook? Does he get drunk on beer?
3. Does he make at least 1 million a year? Did he say NO to drugs and YES to chores?

**Why did your mum marry your dad?**

1. My dad makes the best spaghetti in the world. And my mum eats a lot.
2. She got too old to do anything else with him.
3. My grandma says that mum didn't have her thinking cap on.

**Who's the boss at your house?**

1. Mum doesn't want to be boss, but she has to because dad's such an idiot.
2. Mum. You can tell by room inspection. She sees the stuff under the bed.
3. I guess mum is, but only because she has a lot more to do than dad.

**What's the difference between mums and dads?**

1. Mums work at work and work at home and dads just go to work at work.
2. Mums know how to talk to teachers without scaring them.
3. Dads are taller and stronger, but mums have all the real power 'cause that's who you got to ask if you want to sleep over at your friends.
4. Mums have magic, they make you feel better without medicine.

**What does your mum do in her spare time?**

1. Mothers don't do spare time.
2. To hear her tell it, she pays bills all day long.

What would it take to make your mum perfect?

1. On the inside she's already perfect. Outside, I think some kind of plastic surgery.
2. Diet. You know, her hair. I'd diet, maybe blue.

**If you could change one thing about your mum, what would it be?**

1. She has this weird thing about me keeping my room clean. I'd get rid of that.
2. I'd make my mum smarter. Then she would know it was my sister who did it not me.
3. I would like for her to get rid of those invisible eyes on the back of her head.



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The “Fancy Pigeon” a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van 1ste Julie tot 30ste Junie.
2. ‘n Leersame/feitelike artikel deur ‘n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. ‘n leersame artikel vanaf ‘n ander bron wat net deur ‘n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. ‘n Brief van ‘n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. ‘n Verslag oor ‘n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien ‘n verslag saamgestuur is.
7. ‘n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. ‘n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat ‘n streek vir “Die Sierduif” insamel, sal ‘n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB ‘n Lid wat R850 aan ‘n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the Nat Ringmaster:

1. **Book of Standards R200 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R60 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R40 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact Robin Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. Eastern Region: | 3861 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 2865 |
| 2. KwaZulu-Natal: | 2471 |
| 3. Northern Freestate: | 2123 |
| 4. Western Cape: | 1451 |
| 5. Eastern Province: | 1261 |
| 6. Northern Cape: | 1000 |
| 7. Freestate: | 0850 |
| 8. Western Transvaal: | 0560 |
| 9. SW Districts: | 0535 |

### Bertie Wessels Trophy

| | |
|---|---|
| 1. KwaZulu-Natal | 0850 |

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Oostelike Streekskou Ermelo


Jan Lombard en Rob Lombaard in gesprek


At v Jaarsveld besig met sertifikate met Dirk Scholtz en Christie Roux in gesprek


Dirk Scholtz poseer vir die kamera


Benard van Zyl en Jan Labuschagné hou die beoordeling dop


Naas du Preez versorg sy duiwe terwyl Christie Roux toekyk. At van Jaarsveld en Petro Roux besig met sertifikate


Flip Koekemoer


Jannis Esterhuizen

# Oostelike Streekskou Ermelo




Willie van Zyl lyk bekommerd oor iets




Chris de Bruin besig om te beoordeel



Hennie Vis-agie lyk baie bly oor iets



Awie Small Poseer vir die kamera



Rob Lombaard probeer slim lyk



Wim van Rens-burg en Liam besig om te beoordeel